KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE SUIDKUSKREEF VISSERY: 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID OOR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3
2. Biologie en brondinamika 4
3. Sektorale profiel 4
4. Medium-termyn regtetoekenning 6
5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 6
6. Tydsduur 6
7. Nuwe Inkomelinge 7
8. Evalueringskriteria 7
8.1 Uitsluitingskriteria 8
(a) Vorm van die aansoeker 8
(b) Wetsnakoming 8
(c) Papierkwota's 9
(d) Toegang tot geskikte vaartuig 9
8.2 Vergelykende balanseringskriteria 9
(a) Transformasie: 9
(b) Belegging in die visvangbedryf 10
(c) Werksgeleenthede 10
(d) Prestasie 11
(e) Betaling van visvangheffings 11
(f) Wetsnakoming 11
8.3 Kwantumkriteria
(a) Transformasie-poel: 11
(b) Klein- en medium-grootte ondernemings 12
9. Geskikte vaartuie 12
10. Multi-sektorale betrokkenheid 12
11. Aansoekgelde en heffings 12
12. Bestuursmaatreëls 13
12.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visserye 13
12.2 Konsolidering van deelnemers 13
12.3 Vaartuie en visvangpoging 14
12.4 Monopolieë 14
13. Meet van prestasie 14
14. Waarnemersprogramme 15
15. Permitvoorwaardes 15

1. Inleiding

Hierdie is 'n konsepbeleid vir openbare kommentaar oor die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die Suidkuskreefvissery soos uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur (*die "Departement"*). Die konsepbeleid moet saamgelees word met die Algemene Beleid oor die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("*die Algemene Visvangbeleid*"). Belanghebbende en geaffekteerde partye mag skriftelik kommentaar lewer by die Departement teen 4 April 2005. Kommentaar wat na hierdie datum ingelewer word, sal nie in aanmerking kom nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die suidkuskreefvissery uiteen te sit. Min van hierdie oorwegings is nuut.. Hulle is in die verlede deur die Departement gebruik by die toekenning van regte. Hierdie beleid verteenwoordig weerspieel tewens sodanige oorwegings, maar sluit ook 'n paar veranderinge en byvoegings in.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings verskyn ook in hierdie beleid. 'n Bestuurshandleding vir die suidkuskreefvissery sal in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal toepaslike bestuurmetodes en –prosedures vir die vissery in fyn besonderhede uitstippel.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is van voornemens om artikel 18-magte om visvangregte in die suidkuskreefvissery toe te ken, ingevolge artkel 79 van die Wet op

Lewende Mariene Hulpbronne, Wet 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Biologiese en hulpbrondinamika

Suidkuskreef ("*SKK*") (*Palinurus gilchristi*) is endemies aan die vastelandsplat van Suider-Afrika, en kom voor op rotsagtige substrata in dieptes van 50 tot 200 meter. Die spesie word in kommersieel lewensvatbare hoeveelhede op twee plekke gevind: op die Agulhasbank in 'n gebied ongeveer 200 kilometer vanaf die kus en, nader aan die kus, (2 tot 50 kilometer van die kus) tussen Mosselbaai en Oos-Londen. Suidkuskreef is 'n koue water spesie wat stadig groei en lank lewe. Die kusgebied tussen Danger Point en Kaap Agulhas is 'n belangrike nedersettingsgebied vir jongelinge, wat daarná na volwasse habitatte migreer op die Agulhasbank en in die kusgebied tussen Mosselbaai en Port-Elizabeth. Seekrewe wat tussen Port Alfred en Oos-Londen voorkom, is gewoonlik kleiner en migreer nie.

3. Sektorale profiel

Die suidkuskreef vissery is 'n diepsee-langlynvalstrik vissery wat in 1974 begin het. In daardie stadium het Suid-Afrikaanse sowel as buitelandse vaartuie hierdie diepsee hulpbron ontgin. In 1976 het Suid-Afrika egter sy 200 myl Ekslusiewe Ekonomiese Sone (EES) aangekondig en buitelandse deelname aan hierdie vissery effektief beëindig. 'n Totaal van 26 Suid-Afrikaanse vaartuie het vir die vissery behoue gebly. Hierdie getal het in 1981 tot 15 verminder nadat jare se nie-volhoubare en ongereguleerde ontginnig die hulpbron se ineenstorting teweeggebring het. In 1975 is 2 092 ton suidkuskreef ge-oes; teen 1981 het dit gedaal tot 'n skamele 176 ton.

Hierdie vissery is vir die eerste keer gereguleer deur die instelling van 'n Totale Toelaatbare Vangs ("*TTV*") in 1984. Die TTV was vasgestel op 450 ton (stertmassa). Tien jaar later het navorsing getoon dat die hulpbron steeds besig was om te kwyn. Die bestuurstrategie vir hierdie vissery is in 2000 fundamenteel verander. 'n Gekombineerde TTV en Totale Ontplooide Vangspoging (TOV) was ingestel wat 'n beperking geplaas het op die aantal dae wat 'n SKK-vaartuig op see kon bly. Die "seedae"-beperking word bereken volgens die kwantum van die

TTV wat deur 'n spesifieke vaartuig gevang mag word, met inagneming van die vaartuig se visvangvermoë. Tussen 1989 en 2001 het die SKK-hulpbron met 65 persent afgeneem, grootliks as gevolg van oorvangste deur Hout Bay Fishing Industries (Edms) Bpk.

Die Departement se bestuursplan vir die SKK vissery het vrugte afgewerp en gedurende die 2001/2002 visvangseisoen was SSK se TTV vasgestel op 340 ton, gekombineerd met 'n TOV van 1 922 seedae. Drie jaar later het die TTV toegeneem tot 382 ton, gekombineerd met 'n TOV van 2089 seedae.

Suidkuskreefvangste word ontskeep by die Kaapstad- en Port-Elizabeth hawens. Die vangs word gewoonlik ter see gevries en gegradeer en by kus-gebaseerde geriewe herverpak. Feitelik die totale vangs word uitgevoer, hoofsaaklik na die VSA.

Die SKK-bedryf bied werksgeleenthede vir ongeveer 400 mense. Van diegene is 285 seevarende personeel wat op nege vaartuie werksaam is. Sewe-en-neëntig persent van die werknemers is voorheen benadeeldes. Die werkers se salarisse beloop gemiddeld R50 000 per jaar, wat dit een van die hoogs-betaalde visserye maak. Die waarde van die vangste beloop ongeveer R100 miljoen per jaar. Die markwaarde van vaartuie wat in die vissery werksaam is, beloop ongeveer R70 miljoen.

Die vaartuie is toegerus vir langlynvalstrik-visvang. Plastiese, vaatjievormige valstrikke word gestel vir periodes wat strek vanaf 24 uur tot 'n paar dae. Elke vaartuig trek en stel ongeveer 2 000 valstrikke per dag in stelle van 100 na 200 valstrikke. Langlynvalstrik-visvang is 'n arbeid-intensiewe visvangmetode. Bemanning bestaan uit tot 35 persone. Die vaartuie in die vissery is groot, aflandige vaartuie wat in lengte wissel vanaf 30 tot 60 meter. Hulle spandeer tussen 180 en 300 dae per jaar op see.

Die suidkuskreef vissery is kapitaal-intensief, wat afhang van die gebruik van groot vaartuie met versekerde waardes van tussen R4 miljoen en R10 miljoen. 'n Aansienlike aantal bemanningslede, toegang tot oorsese markte en fondse vir oorhoofse kostes soos brandstof, vaartuigonderhoud en salarisse is verder nodig.

4. Medium-termyn regtetoekenning

Medium-termyn kommersiële visvangregte is aan 18 regtehouers toegeken. Regtehouers hou tipies tussen twee en 10 persent van die TTV behalwe vir een maatskappy wat 41.1 persent hou. Nege vaartuie word gebruik om die TTV te ontgin.

Van die 18 regte-houers is:

- 72 persent entitiiteite in swart besit;
- 47 persent onder swart beheer;
- 65 persent ondernemings van klein of medium grote ondernemings("*KMOs"*).

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende sektorale doelwitte met die toekenning van langtermyn-visvangregte in hierdie vissery is om:

- die transformasieprofiel in die SKK-vissery in stand te hou of te verbeter
- 'n beleggings- en werkskeppingsvriendelike omgewing te skep
- ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te ondersteun ;
- die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker; en
- die TTV te herverdeel onder die regtehouers ingevolge transformasiekriteria, en kriteria gerig om KMO's te beloon wat volgens hul permitvoorwaardes presteer het.

6. Tydsduur

Met inagneming van -

- die transformasieprofiel van die vissery ;

- die aantal permanente betrekkings van hoë gehalte wat verskaf word (en om die oorskakeling van deeltydse na voltydse indiensneming aan te moedig);
- die behoefte om ekonomiese stabiliteit in die vissery in stand te hou;
- die feit dat die SKK vissery volgens wetenskaplike data, besig is om te herstel,

sal die Departement kommersiële visvangregte toeken vir 'n tydperk van 15 jaar (1 Januarie 2006 tot 31 Desember 2020). Elke regtehouer sal nietemin met gereelde tussenposes teen voorafbepaalde prestasiekriteria getoets word (***sien paragraaf 13 hieronder***).

7. Nuwe Inkomelinge

SKK getalle word tans ingevolge 'n konserwatiewe herstelstrategie bestuur. Teen 1981 het die SKK se getalle aansienlik gedaal, maar die bron is steeds onderwerp aan jare se verdere oor-ontginning tussen die laat 1980's en 2001. In 1992 was die gemiddelde toekenning 75 ton; met 14 ton as die kleinste individuele toekenning. Teen 2002, het die gemiddelde geval tot 'n skamele 17 ton; met 7 ton as die kleinste individuele toekenning.

Die Departement beskou dus die huidige 18 regtehouers en agt vaartuie as die maksimum vangspoging wat hierdie vissery tans kan ondersteun. Die vissery het ook aanvaarbare vlakke van transformasie en 'n aansienlike aantal klein- en medium groote ondernemings (KMO's). Hoewel die Departement nie die vervanging van bestaande regtehouers uitsluit nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat enige nuwe inkomelinge toegelaat sal word.

8. Evalueringskriteria

Aansoeke sal ingevolge 'n stel "*uitsluitingskriteria*" ondersoek word en daarna volgens 'n gelaaide stel "*vergelykende balanseringskriteria*" evalueer word. Daarna sal 'n afsnypunt of rang vasgestel word ten einde die suksesvolle aansoekers te kies. 'n Deel van die TTV sal daarna aan elke suksesvolle aansoeker ingevolge 'n stel "*kwantumkriteria*" toegeken word.

8.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe vir die kriteria beskryf in die algemene beleid, met betrekking tot die onbehoorlike indiening van die aansoeke en wesenlike tekortkominge, sal die Departement aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) **Vorm van die aansoeker***:* Slegs aansoeke van entiteite geïnkorporeer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984, en die Maatskappyewet, Wet 61 van 1973, sal in aanmerking kom. Aansoeke van natuurlike persone (d.w.s. individue of eenmansake) en trusts sal nie oorweeg word nie.

(b) **Wetsnakoming***:* Visvangregte vir die SKK vissery sal nie toegeken word aan regtehouers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge die WLMH (sonder opsie om 'n boete te betaal) nie. Regte sal ook nie toegeken word aan bestaande regtehouer aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers wie se visvangregte gekanselleer, opgeskort of ingetrek is ingevolge die WLMH nie.

Besluite sal voorbehou word op aansoeke van regtehouers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers, wat ondersoek word vir oortredings, hetsy krimineel of administratief, van die WLMH. Regte sal slegs toegeken word nadat die ondersoek afgehandel is.

Die Departement verwag dat elke regte-houer 'n heffing betaal op die teikenspesies wat aan land gebring word. 'n Aantal regtehouers het óf nog nie heffings betaal nie óf nie die hoeveelheid van die vangste korrek rapporteer nie, om daardeur onder andere die betaling van die heffings te vermy. Laasgenoemde sal uitgesluit word. Eersgenoemde (nie-betaling van heffings verskuldig aan die Departement) sal gepenaliseer word in die vergelykende balanseringsproses soos hieronder uiteengesit. Sou sodanige aansoeker egter

nietemin vir 'n reg kwalifiseer, sal 'n visvangpermit nie uitgereik word, alvorens die uitstaande heffings (plus rente) aan die Departement betaal is nie.

(c) **Papierkwota's***:* Papierkwota's soos uiteengesit in die Algemene Beleid, sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot 'n geskikte vaartuig***:* Aansoekers sal moet aantoon dat hulle 'n reg van toegang tot 'n geskikte vaartuig het (***sien paragraaf 9 hier onder)***

8.2 Vergelykende Balanseringskriteria

Bestaande regtehouer aansoekers, asook potensiële nuwe inkomelinge, sal gëevalueer word ingevolge die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word, ten einde die sterkte van elke aansoek te bepaal.

(a) **Transformasie:**

Twee-en-sewentig persent van regtehouers in SKK vissery is tans in swart besit. Hierdie regtehouers beheer gesamentlik 77 persent van die TTV. Voorts bestaan 65 persent van regtehouers uit klein- en medium-grote ondernemings en 78 persent van die vaartuie wat in hierdie bedryf gebruik word, is in swart besit.

Die Departement se doelwit met die toekenning van langtermyn-visvangregte in hierdie vissery is om die huidige transformasievlakke in stand te hou, of te verbeter. Soos deur die Algemene Beleid vasgestel is, sal die aansoekers evalueer word volgens -

- Die persentasie swart persone en vroue wat op eienaarsvlakke en uitvoerende bestuursvlakke verteenwoordig word;
- Of werknemers aandeelhouers van die aansoeker is, en die voordele wat hulle hieruit kry;
- Regstellende aankope;

- Die aantal swart persone en vroue op verskillende vlakke benede die vlak van uitvoerende bestuur;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, Wet 55 van 1988; en
- Korporatiewe maatskaplike belegging.

(b) Belegging in die vissery

Met betrekking tot bestaande regetehouers aansoekers, sal die Departement die volgende spesifiek in aanmerking neem:

- Beleggings in geskikte vaartuie vir die oes van SKK. In hierdie verband sal beleggings in die vorm van aandeelhouding in aanmerking geneem word; en

- Beleggings in die bemarkings-infrastruktuur.

(c) Werksgeleenthede

Die SKK vissery voorsien tans sowat 400 werksgeleenthede. Gemiddelde salarisse is R50 000 per jaar vir seevarende werknemers.

Die Departement sal aansoekers beloon wat hul werknemers voorsien van –

- Voltydse indiensneming;
- Mediese- en pensioenvoordele;
- Enige ander indiensnemingsvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

In die geval van bestaande regtehouers aansoekers, sal werksgeleenthede geskep per ton vis toegeken gedurende die medium-termyn toekenningsproses, in ag geneem word. Die Departement sal ook die loonverskille tussen die hoogste en laagste besoldigde werknemers in aanmerking neem.

(d) Prestasie

Regtehouers wat aansienlik meer of minder vang (wat 10% oorskry), sal gepenaliseer word. Finansiële prestasie sal gemeet word soos aangedui in die Algemene Beleid.

(e) Betaling van visvangheffings

Regtehouers sal gepenaliseer word as hul heffings vir 'n tydperk van langer as 60 dae agterstallig is.

(f) Wetsnakoming

Aansoekers wat versuim om te voldoen aan hulle verpligtings ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 97 van 1998 en die Wet op Heffing van Vaardigheidsontwikkeling, 9 van 1999, en diegene wat geringe oortredings van die WLMH begaan het (d.w.s. oortredings wat nie hulle uitsluiting regverdig nie) sal gepenaliseer word.

8.3 Kwantumkriteria

Betreffende bestaande regtehouer aansoekers, sal die Departement die 2005 kwantumtoekennings aan regtehouers as 'n basis gebruik en die proporsionele verdeling van TTV vir bestaande regtehouers wat onsuksesvol was, of nie aansoek gedoen het nie, byvoeg. Die volgende kwantumpoele sal toegepas word om die TTV te herversprei :

(a) Transformasie-poel:

Vyftien persent van die SKK se TTV, sal opsygesit word om suksesvolle aansoekers te ondersteun wat ondernemings is in swart besit en onder swart bestuur. Daar sal waarskynlik aan alle suksesvolle aansoekers 'n persentasie van die TTV toegeken word vir transformasie, maar die omvang sal afhang van punte behaal vir transformasie.

(b) Klein- en mediumgrootte ondernemingspoel

Vyftien persent van die SKK se TTV sal opsygesit word vir die ondersteuning van klein of medium groote ondernemings wat presteer het tydens mediumtermynregte periode. Klein of mediumgroote ondernemings word gedefinieer as dié met 'n jaarlikse omset van nie meer as R5 miljoen vir die medium-formaat, en R3 miljoen vir die klein-formaat onderneming nie

9. Geskikte vaartuie

In die SKK vissery is 'n geskikte vaartuig, 'n vaartuig:

- met 'n minimum SAMVV-gesertifiseerde lengte van nie minder nie as 30 meter;
- toegerus met 'n werkende vaartuigmoniteringstelsel;
- wat daartoe in staat is om lyne te ontplooi van ongeveer twee myl lank en 200 valstrikke;
- wat daartoe in staat is om ten minste 2 000 valstrikke te huisves;
- wat daartoe in staat is om die nodige hystoestelle te dra; en
- wat daartoe in staat is om ongeveer 30 of meer bemanningslede te dra.

10. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die SKK vissery word nie daarvan weerhou om regte in enige vissery in die Groep A en Groep B visserye te hou nie. Regtehouers in die SKK vissery (met inbegrip van beherende aandeelhouers en lede van hul uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in Groep C en Groep D visserye te hou nie.

11. Aaansoekgelde en heffings

Mariene hulpbronne is hernubaar en die beginsel van “gebruiker betaal” sal toegepas word. Die aansoekgeld vir die SKK vissery sal bepaal word met inagneming van:

- Die koste van die regtetoekenningsproses, met inbegrip van konsultasie, ontvangs, evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersienings. In hierdie verband sal die koste aangegaan gedurende die mediumtermyn proses as ’n riglyn dien; en
- Die waarde van die vis wat toegeken word oor die duur van die reg.

Die jaarlikse heffings wat vanaf 1 Januarie 2006 betaalbaar is, sal hersien word na oorlegpleging met geaffekteerde en belanghebbende partye.

12. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls soos hieronder uiteengesit verwys na sommige van die Departement se hoofdoelstellings vir die bestuur van hierdie vissery, nadat regte toegeken is.

12.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visvangbedryf

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteembenadering tot die vissery (EBV). ’n Ekosisteembenadering tot die bestuur van die vissery is ’n holistiese en geïntegreerde beleid wat erkenning gee daaraan dat visvang en verwante aktiwiteite die breë mariene omgewing kan beïnvloed. Hierdie deel van die beleid vir die SKK vissery poog nie om ’n beleidsverklaring oor EBV in die vissery te voorsien nie. Die EBV in die SKK vissery sal verder uiteengesit word in die bestuurshandleiding vir die SKK vissery. Suid-Afrika bly verbind tot die teikendatum van 2010 vir die inwerkingstelling van ’n EBV in die kommersiële visvangbedryf.

12.2 Konsolidering van deelnemers

Na die toekenning van kommersiële visvangregte vir 15 jaar in hierdie vissery sal die Departement die konsolidasie van aktiewe regtehouers in die vissery fasiliteer, veral waar:

- Regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan deel, of
- Kleiner regtehouers hul sakebedrywighede wil konsolideer.

Konsolidering van regtehouers is egter onderhewig aan die Departement se benadering tot monopolieë (***sien paragraaf 12.4 hieronder***).

12.3 Vaartuie en vangspoging

Daar is tans agt SKK vaartuie wat in Suid-Afrikaanse waters werksaam is. Omdat baie regtehouers nie eienaars is van die vaartuie waarmee hulle visvang nie, en omdat sommige vaartuie vervang moet word, besef die Departement dat baie regtehouers, na die verkryging van langtermyn-visvangregte, nuwe vaartuie sal wil inbring. Die Departement sal noukeurig die stapeleffek, van die toevoeging van verdere en nuwe vaartuie tot die vloot dophou. Regtehouers sal nie toegelaat word om vaartuie in te bring wat tot vangspoging ontplooi wat ver bo hulle betrokke toekennings is nie. Verder mag die Departement met die Bedryfsliggaam van die Visvangsektor konsulteer in verband met aansoeke om verdere of nuwe vaartuie in die sektor te benut.

12.4 Monopolieë

Hoewel die Departement konsolidering van regtehouers in die vissery aanmoedig, is die Departement gekant teen monopolieë wat tot nadeel van die kleiner regtehouers kan werk.

Die Departement sal nie tans 'n maksimum TTV wat enige regtehouer mag hou of beheer, instel nie, maar sal monitor of enige groter regtehouer strydig optree met billike mededingingspraktyke.

13. Meet van prestasie

Die Departement sal 'n formele prestasiemeting onderneem vir die volle tydsduur van die kommersiële visvangregte. Dit word in die vooruitsig gestel dat die eerste stel meetings na twee jaar sal plaasvind en daarna elke vierde jaar.

Alhoewel die Departement die presiese kriteria waaraan die regtehouers gemeet sal word na die toekennningsproses, eers sal finaliseer na oorlegpleging met die betrokke regtehouers, mag die volgende breë prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie en toerusting;
- volhoubare benutting, en in besonder, die ekologiese uitwerking van langlynvalstrik-vissery; en
- nakoming van toepaslike wette en regulasies.

14. Waarnemersprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om waarneming vir wetstoepassingsdoeleindes in te sluit. Die Departement sal die waarneming in hierdie vissery ook stelselmatig uitbrei. Van regtehouers sal verwag word om die koste van die waarnemingsproses te dra.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie visvangbedryf sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes op hierdie visvangbedryf vir die 2005-seisoen word as **Bylae A** aangeheg. Belanghebbende en geaffekteerde partye word uitgenooi om oor hierdie permitvoorwaardes kommentaar te lewer.